

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 47: Re'eh – Kyk! Sien! Let Op!

Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor. Deut. 11:26 – PWL¹

Torah: Deut. 11:26 tot 16:17

Haftorah: Jes. 44:11 tot 45:5.

Nuwe Verbond: 1 Joh. 4:1 tot 6; Matt. 7:15 en 24:11; 2 Pet. 2:1 tot 22; 2 Kor. 5:9 tot 13 en 6:17; Open. 18:4; Jak. 2:15 en 16; 1 Joh. 3:16 tot 18; Heb. 4:1 tot 11; Rom. 2:5 tot 11

Vorige notas vir Parashah 47 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Failing to prepare is preparing to fail! – Kalman Packouz.

Love is not how we feel. Love is what we do, how we respond. It doesn't matter how we feel. It only matters how we act. God will never demand something of us that we cannot accomplish. He knows us. He knows that feelings are fickle (the Greek were right about this one). But He also knows that actions do not require feelings. Feelings follow actions. So, act first and wait for the feelings to catch up. Actually, act first, second, third, fourth and so on – and eventually the feelings will arrive. To hear is to respond with action. To love is to act according to God's directions – Skip Moen.

Things come apart so easily when they have been held together with lies – Dorothy Allison.

At Waterloo, the English troops obeying orders fell on their faces for a time and let the hot fire of the French artillery pass over them. Then they sprang to their feet and rushed to the thickest of the fight and beat back their foes. The Lord wants His people flat on their faces, before they attempt to meet the great crises of life. – A. T. Pierson.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Die naam van verlede week se Torahskriflesing (parashah 46) is *ekev* en beteken *omdat*, maar ook *hakskeen*, naamlik dit wat volg op sekere aksies, en ook *voetspoor*, naamlik dit wat agtergelaat word. Hierdie betekenis is duidelik volgens die openingswoorde in Deut. 7:12, naamlik:

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het.

Sou Yisra'el Torahgehoorsaam wees, sal יהוה se seënige op hulle hakke volg, maar die gevolg van ongehoorsaamheid sal wees dat יהוה se oordele (vloeke) hulle sal agtervolg.

Die betekenis van *ekev* word ook in Deut. 8:19-20 bevestig.

¹⁹ Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing,

²⁰ soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie.

Gehoorsaamheid aan Torah sal die rede wees dat jy en ek ook soos Dawid kan uitroep: “U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly” (Ps. 23:6). Die huis van יהוה het huisreëls, Sy Torah, wat nougeset gevolg moet word! Alleenlik dan sal Vader se goedheid en onverdiende guns ons agtervolg en sal ons ‘n voetspoor laat wat tot getuienis vir ander sal wees!

Mag ons almal *re'eh* deur te kies om te luister na die stem van die Goeie Herder!

Om te *Re'eh*!

Re-eh beteken om te kyk met die doel om te sien, naamlik om te verstaan en dan daarvolgens op te tree. Daarom sê יהוה-God aan elke mens *re-eh*: Let op My Woorde om getrou daarvolgens te lewe! Let op en verstaan!!

⁸ Verstaan, o onverstandiges onder die volk en julle dwase, wanneer sal julle wys word?

⁹ Sou Hy wat die oor geplant het, nie hoor nie, of Hy wat die oog gevorm het, sal Hy nie sien nie?

¹⁰ Sou Hy wat die nasies tugtig, nie straf nie; Hy wat die mens kennis leer, sal Hy nie weet nie? Ps.94:8-10.

Gee gehoor en hoor my stem; luister en hoor my boodskap! Jes. 28:23

Hoekom is daar so min gelowiges wat יהוה se Woord *re-eh*; dit hoor, glo en doen? Verstaan hulle dan nie die erns as Vader sê om te kies tussen lewe (seën) en die dood (vloek) nie? Talle is oortuig dat hulle lewe gekies het, maar in werklikheid het hulle die dood gekies soos wat deur Yeshua bevestig word in Matt. 7:21-23.

Een rede vir mense se optrede is dat ons begrip om geestelik te sien en te hoor, en dan te verstaan wat ons sien en hoor, grootliks bepaal word deur ons kennis van God se Woord. Meesal is dit soos ‘n filter wat net dit deurlaat wat versoenbaar is met ons geloofsoortuiging – slegs dit wat ons wil hoor en wil glo! Die rede is dat ons begrip van wat ons hoor en sien en

dan verstaan, oordek word (oorspoel word) met dit wat ons glo, of dink ons weet, in plaas van ‘n besef dat ons nie alles weet of verstaan nie! Soos ek al dikwels gesê het: Die grootste gevaar is nie dit wat ons nie weet nie, maar eerder dit wat ons dink ons weet!!

Daarom is my vraag: Ondersoek jy die Skrifte om te bevestig wat jy glo, of ondersoek jy die Skrifte met die doel om te bevestig **wat jy moet glo!** Ons het meesal die geneigdheid om die Skrifte te ondersoek om te bevestig wat ons glo, want ons openbaar almal ‘n mate van weerstand teen verandering, veral geestelike verandering, asook weerstand om te erken dat ons verkeerd is!

Maar waar dit kom by die bestudering van God se Woord het A. J. Heschel gesê: “The principle to be kept in mind is to know what we see rather than to see what we know.”

Ons doel moet wees om dieselfde te sien (*re-eh*) en te verstaan as ons Vader. Dit is om te verstaan wat ons sien! Dit is om die Vader en Yeshua waarlik te ken!

Hoekom is daar dan ‘n verskil in die geloofsoortuiging, soos byvoorbeeld oor die Shabbat, in die lewens van die kinders van God as almal dieselfde Gees het? Dit is omdat die Afgesonderde Gees by sommige nie toegelaat word om die beheer oor hulle verstand, wil en emosie oor te neem nie! Die eie-ek van selfisme heers nog!

Daarom: Om waarlik te *re-eh*, vereis eerstens om jou voor יהוה-God te verneder en te erken dat jy nie alles weet nie! Dit is om te alle tye ‘n leerbare gees te openbaar. Tweedens vereis dit om God se Woord te bestudeer met die doel om te verstaan wat jy **moet** glo, en nie om net bevestiging te kry vir wat jy reeds glo nie!

J.F. Kennedy het gesê: “For the great enemy of truth is very often not the lie – deliberate, contrived, and dishonest – but the myth – persistent, persuasive and unrealistic. Too often we hold fast to the clichés of our forebears. We subject all facts to a prefabricated set of interpretations. We enjoy the comfort of opinion without the discomfort of thought.”

Daarom moet ons nie die Skrifte bestudeer met vooropgestelde oortuigings en verklarings nie, want ons het baie leuens van ons voorgeslagte geërf. Soos die profeet Yirmeyahu tereg gesê het:

“Ons vaders het niks geërf, behalwe valsheid, nutteloosheid en dinge sonder voordeel nie.” Jer.16:19.

Ja, geloofswaarhede is nooit “ondelhandelbaar” nie en ons moet dit bewaar en getrou onderhou, maar ons moet nie vashou aan geloofsoortuigings wat ons nie self uit die Skrifte kan bevestig nie, veral dié wat ons blindelings as die waarheid aanvaar het.

Wanneer ons dus met sekere geloofsoortuigings gekonfronteer word wat nie ooreenstem met ons eie nie, moet ons self die Skrifte ondersoek of dit die waarheid is (Hand. 17:11).

Mag ons almal hierdie woorde van Sha’ul aan Timotheos in 2Tim. 3:16-17 ter harte neem:

16 Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ‘n kursus in onpartydige opregtheid

17 sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.

Alleenlik dan sal ons ‘n werker in die Koninkryk wees wat ons nie hoof te skaam nie, want ons kan die boodskap van die waarheid reguit verkondig (2Tim. 2:15).

Ons moet voortdurend geestelik groei en dit is slegs moontlik deur die Skrifte met ywer te bestudeer.

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Jos. 1:8

Indien ons nie geestelik groei nie sal ons stagneer soos 'n poel water waar geen vars water in vloei nie! Daar sal geen lewende water uit ons binneste vloei nie (Joh. 7:38)! Rabbi Yonah het gesê: “Life is made for growth. One who feels no need to learn more is spiritually dead; the gift of life is wasted on him.”

Bepeins of Bespreek

1. Na aanleiding van Vader se voedselvoorskrifte (Deut. 14:1-21) het ek die volgende kommentaar ontvang: “Ja vir lank het ons eie verstand dit ook maar nie gesnap nie...totdat Vader dit deur Sy Gees in 'n spesifieke tydgleuf (kairostyd) op ons hart en verstand geskryf het.” My vraag is egter: *Kairos* beteken *op die regte, kritiese en geskikte oomblik*. Wag die Gees tot die regte, kritiese en geskikte oomblik om יהוה se Torah, of 'n gedeelte daarvan, op sommige se harte te skryf? Volgens Heb. 8:10-11 word die Torah egter met wedergeboorte op ons harte geskryf en in ons verstand gegee! Is dit 'n geval van die mens wat hardnekkig weier (nie *re-eh* nie) om gehoorsaam te wees tot die dag wat hy bereid is om hom aan יהוה se Torah te onderwerp, of wag die Gees vir die geskikte oomblik om byvoorbeeld Vader se voedselvoorskrifte en die Shabbatgebod aan sommige te openbaar? Hiervolgens is daar talle wat reeds in sonde gesterf het sonder dat die Afgesonderde Gees 'n geskikte oomblik gevind het om byvoorbeeld die Shabbatgebod op hulle harte te skryf!
2. Dikwels word die argument ook aangevoer dat ons voorgeslagte byvoorbeeld verkeerd geleer is en derhalwe nie geweet het dat die Shabbat steeds gedenk moet word en dat dit nie met Sondagaanbidding vervang is nie, en daarom sal God hulle nie vir dit oordeel nie! Is dit waar? Is onkunde 'n verskoning vir vergifnis?

Ons Daaglikse Keuses.

Elke dag bestaan uit keuses wat ons moet maak, en ons almal het ondervinding van regte keuses en verkeerde keuses wat gemaak was. Maar wanneer ons doen wat Moshe aan Yisra'el gesê het, sal ons altyd die regte keuses maak:

Julle moet יהוה, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte hou, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou. Deut. 13:4

Ons moet daaglikse keuses maak wat sal bepaal of ons יהוה lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou. Dit bepaal of ons deur die onverdiende guns in Yeshua 'n lewe van oorvloed deelagtig sal wees of gaan ons verkeerde keuses die rede wees hoekom die dief sal kom om te steel, dood te maak en te vernietig (Joh. 10:10).

Dit herinner ons aan Sha'ul se woorde aan Timotheos:

Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2Tim. 2:15.

Om jou volmaak voor God aan te bied, beteken dat jou liefde vir Vader-God beproef (getoets) is en dat jy die boodskap van die waarheid reguit verkondig, naamlik om die Woord reg te verstaan, te verduidelik en in jou lewe toe te pas.

Eerstens moet ons kies wie die god is wat ons dien en aanbid. Is dit die God van Avraham,

Yitz'gak en Ya'acov wat Yisra'el uit Egipte gelei het, of is dit 'n "selfgemaakte" afgod? Daarom is die eerste van die tien gebooië:

Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het. Ex. 20:2

Indien ons kies om hierdie God te dien wat ons uit die slawehuis van sonde gelei het, dan moet ons 'n bewaker (*sh'mar*) van Torah wees deur te doen (*asah*) wat ons hoor (*sh'ma*) (Deut. 11:32; Deut. 12:28). Dit is om te *re'eh* en lewe te kies en dit is om Vader se seëninge deelagtig te wees!!

Tweedens moet ons kies hoe ons Hom gaan dien. Die hoe word deur Moshe in Deut. hoofstuk 12 vir ons beskryf en word in verse 29-32 opgesom.

29 Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly,

30 let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?' nie.

31 Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.

32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.

Maar die mens se wil is soewerein en daarom eerbiedig יהוה die mens se keuses. Indien ons kies en יהוה lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou, dan sal Hy ons leer aangaande die lewenswyse van die Torah van die nuwe verbond wat ons gekies het!

12 Wie is die man wat יהוה respekvol vrees? Hy sal hom leer aangaande die lewenswyse wat hy gekies het.

13 Hy sal lewe in voorspoed en sy nageslag sal die aarde besit.

14 Die geheime van יהוה is vir dié wat Hom respekvol vrees en Hy sal Sy verbond aan hulle bekend maak. Ps. 25:12-14.

Daarom het יהוה aan Yisra'el, en elke mens daarna, hierdie keuse gegee!

26 Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor:

27 die seën as julle luister na en die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel, uitvoer

28 en die vloek as julle nie luister na die opdragte van יהוה, julle God en dit nie doen nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.

Die gevolg van hierdie keuse het יהוה op 'n sigbare wyse aan Yisra'el gedemonstreer deur die berge G'erizim en 'Eival (Deut. 11:29 en 30). Die naam G'erizim is afkomstig van die grondwoord *garaz* en beteken om te *sny* of om *af te sny* soos wat die maaier tydens oestyd doen. Daarom is G'erizim 'n sinnebeeld van vrugbaarheid (vrugbare oeste). 'Eival se grondwoord (*abala* in Arabaies) beteken *ru*, *ruig*, *hobbelagtig* en *klipperig* wat dui op dorheid en onvrugbaarheid.

G'erizim is dus 'n sinnebeeld van die seëninge wat volg op Torahgehoorsaamheid, terwyl 'Eival 'n sinnebeeld is van die vloeke (dorheid) van ongehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies. Dit herinner ons aan Psalm 1:1-3:

- 1 Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie,
- 2 maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag.
- 3 Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.

Vader-God wil hê ons moet kyk (*re'eh*) na die geskiedenis van Yisra'el sodat ons nie dieselfde foute begaan nie, maar die regte keuses kan maak (Rom. 15:4; 1Kor. 10:1-11). Enige keuse wat nie met Torah versoenbaar is nie, is afgodery, want dit is 'n keuse om 'n ander god as יהוה Skepper-God te gehoorsaam. Dit is om die dood bo die lewe te kies.

Sonde is om te faal in ons verhouding met יהוה, want ons het verkeerde keuses gemaak. Die doel van Torah is om ons te leer hoe ons verhouding met Vader-God en ons medemens moet wees, sodat ons die regte keuses kan maak. Torah leer ons hoe om tussen seëninge en vloeke (oordele) te onderskei sodat ons die lewe van gehoorsaamheid in Yeshua kan kies!

Bepeins of Bespreek

1. Statistiek bewys dat daar nie 'n verskil is tussen Christene en nie-Christene t.o.v. die voorkoms van siektes, egskeidings, aborsies, dwelmverslawing, ens. nie. Hoekom?? Het dit dalk te doen met die keuse tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan Torah?
2. Beide G'erizim en 'Eival is steeds vandag 'n duidelike uitbeelding van seëninge en vloeke – 'n lewe van seën teenoor die barre lewe daarsonder. Vandag kan elke inwoner van Yisra'el, asook besoekers, kyk en sien (*re'eh*) dat beide berge feitlik langs mekaar geleë is en aan dieselfde weerstoestande blootgestel word en tog is G'erizim oortrek met plantegroei en 'Eival dor en klipperig. Is dit nie voldoende bewys dat Torah waar is, asook dat Torah vandag steeds geldig is nie?

Haftorah Bespreking (Jes. 44:11 tot 45:5)

Die Sinneloosheid van Afgodery

Die verband tussen hierdie week se Haftorah- en Torahskriflesing is die keuse wat elkeen moet maak ten opsigte van die god wat gedien word. Elkeen moet kies tussen die enigste Skepper-God, naamlik יהוה-Elyon (Yahuah die Allerhoogste) wat lewe gee en die dooie afgode wat ewige dood as beloning bied.

Dit herinner ons aan wat Sha'ul in 1Kor. 8:5-6 skryf:

- 5 want al is daar ook sogenaamde "gode," of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie "gode" en baie "meesters" is,
- 6 is daar vir ons een God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; een Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand.

Die sinneloosheid (belaglikheid) van die aanbidding van afgode word in Jes. 44:10 tot 20 ondermeer soos volg beskryf:

- 10 Wie maak 'n god en giet 'n beeld tot geen voordeel nie?

11 Let op, al sy metgeselle sal beskaam word, want die ambagsmanne self is net mense! Laat hulle almal bymekaarkom, laat hulle opstaan, laat hulle bewe, laat hulle saam beskaam word! Jes. 44:10-11

14 Hy kap seders vir homself en vat 'n sipres of 'n eikeboom en laat dit vir hom opgroeï tussen die bome van die woud. Hy plant 'n denneboom en die reën laat dit groei.

15 Dan word dit vir die mens iets om te brand en hy vat een daarvan en maak hom warm; hy maak ook 'n vuur om brood te bak. Hy maak ook 'n god en aanbid dit; hy maak 'n gesnede beeld daarvan en val voor dit neer. Jes. 44:14-15.

Dit is sinneloos om 'n afgod te maak van dit wat יהוה as Skepper-God geskape het!! In plaas daarvan om die Skepper te aanbid word die skepping as afgod aanbid! Tereg sê Yesha'yahu aangaande sulke mense:

18 Hulle weet nie en verstaan nie, want Hy het hulle oë toegesmeer sodat hulle nie kan sien nie en hulle harte sodat hulle nie kan begryp nie.

19 Niemand onthou nie en daar is geen kennis of insig om te sê nie: 'Ek het die helfte daarvan verbrand in die vuur en ook brood gebak op sy kole; ek het vleis gebraai en geëet; dan maak ek die res daarvan in 'n gruwel, ek val neer voor 'n stuk hout!' Jes. 44:18-19.

Volgens vers 20 voed afgodsdienaars hulself met as, naamlik met dit wat verbrand is en wat geestelik nutteloos is! En aangaande hulle sê Yesha'yahu: "n misleide verstand, wil en emosie het hom laat wegdraai en hy kan homself nie red, of sê nie: 'Is daar nie 'n leuen in my regterhand nie?'"

Diegene wat 'n afgod aanbid is geestelik verblind en besef nie dat hulle mislei is nie! Daarom sê Yesha'yahu dat hulle nie besef dat daar 'n leuen in hulle regterhand is nie! Vir hulle het die afgod(e) die waarheid geword omrede hulle dit glo. Hulle glo die leuen en nie die waarheid nie.

Ek herhaal wat ek in vorige notas geskryf het, naamlik dat afgodery die behoefte aan 'n god is, en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van יהוה-God aan hierdie afgod(e) gegee.

Torah, asook die Skrifte in geheel, beskryf die hoedanighede (die Karakter en Outoriteit) van יהוה. Daarom: Om Torah, of enige deel van die Afgesonderde Skrifte te verwerp, is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van יהוה se hoedanighede bevat. Onthou: Die tien gebooie is die tien woorde van יהוה (Ex. 34:28; Deut. 4:13 en Deut. 10:14) en is die basis (opsomming) van die hele Torah (van al die woorde van יהוה). Indien jy nie al tien die gebooie onderhou nie, aanbid jy 'n afgod!

Hierdie waarheid het vir baie min gelowiges 'n werklikheid geword! Maar dan is dit ook ewe belangrik om te besef dat daar baie ander dinge in ons lewe kan wees waarvan ons 'n afgod kan maak! Dinge soos beroep, sport, luukshede en vele alledaagshede kan 'n afgod word.

Afgodery is niks anders as om jou eie onpartydige opregtheid op te rig en is weens 'n gebrek aan die kennis van יהוה se onpartydige opregtheid (Rom. 10:1-3). Selfs ywer vir God en goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir יהוה se onpartydige opregtheid nie! Die opdrag is om eerstens יהוה se koninkryk en **Sy onpartydige opregtheid** te soek en dan sal daar in al ons behoeftes voorsien word (Matt. 6:33).

Die probleem is dat mense nie יהוה-God ken nie en gevolglik is dit die teelaarde vir afgodery en misleiding. Yeshua self het gesê:

Dit is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, dié Gesalfde Een (Joh. 17:3).

Terwyl Kefa ons met hierdie woorde bemoedig:

maar julle moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, Die Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid. Dit is waar! 2Pet. 3:18.

Hoewel Christene eenstemmig is dat daar net een Skepper-God is en dat dit die God is wat hulle dien, ken die verre meerderheid nie Sy Naam nie! Sou aan hulle Spr. 30:4 voorgehou word, sal weinig die vraag in hierdie teksvers kan antwoord, naamlik: “Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun – as jy dit weet?”

Vir die verre meerderheid van Christene is die ‘naam’ van die god wat hulle dien *Here* en *God* en is die naam van Sy Seun *Jesus*. Daarom ken die meerderheid nie die Karakter en Outoriteit van יהוה Skepper-God nie, en is hulle vatbaar vir afgodery en misleiding!

Sha’ul stel dit baie duidelikin 1Kor. 5:11 dat ons nie met die afgodsdienaars moet meng nie:

maar dít het ek aan julle geskryf: om nie te meng met iemand wat 'n broer genoem word en dan 'n seksueel immorele mens is of 'n gierigaard of 'n afgodsdienaar of 'n kwaadprater of 'n dronkaard of 'n skelm is nie. Met so iemand moet julle selfs nie saam brood eet nie

In ons Torahskriflesing van hierdie week het ons ook gesien dat יהוה beveel dat alle plekke (areas in ons lewe) waar afgode gedien word, vernietig moet word – ja, selfs hulle name moet nie eers meer genoem word nie (Deut. 12:2-3)!

² Julle moet al die plekke, waar die nasies wat deur julle onteien gaan word, hulle gode, op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom, gedien het, vernietig tot uitwissing.

³ Julle moet hulle altare afbreek, hulle klippilare verbreek, hulle afgesonderde boomstamme met vuur verbrand, die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam (karakter en outoriteit) uit dáárdie plek uit vernietig.

By monde van Yesha’yahu doen יהוה ‘n oproep op sy volk om terug te keer na Hom wat hulle verlos het (Jes. 44:22). Dit is ‘n oproep om afstand te doen van alle vorme van afgodery en terug te keer om in Torahgehoorsaamheid die God van Avraham, Yitz’gak en Ya’acov te dien. Die woorde van Yesha’yahu word steeds vandag gehoor en in Openbaring bevestig!

⁴ Ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,

⁵ want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4-5.

Ons moet uit die afgodery van beide die Christendom en van Rabbynse Judaïsme kom en terugkeer om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap. Lees meer hieroor by die volgende skakel: [GB1.16Die VoetsporeGemeenteHandelingte](#)

Bepeins of Bespreek

1. Is dit afgodery indien ons יהוה van sekere dinge ‘beskuldig’ waaraan Hy onskuldig is, of sekere wanopvattinge van Sy Karakter en Outoriteit het? Byvoorbeeld: Dit het God behaag om ‘n geliefde deur die dood weg te neem – soos die meerderheid begrafnisbriewe dit stel? En wat van: Dit is die wil van God dat ek siek is! Is dit nie om יהוה vals te beskuldig of ‘n verkeerde indruk van Sy Karakter te hê nie? Word daar dan nie ‘n afgod gemaak nie?

-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.